

3 Oktober

Eksodus 4:18-31

(Teks: 4:24-26)

Waarom wou die Here vir Moses doodmaak?

Moses word geroep om sy volk uit Egipte te bevry. Maar as hy op pad is wil die Here hom doodmaak. Waarom? Omdat Moses hulle tweede kind, Eliëser, nie besny het nie! Die besnydenis was 'n teken van die verbond wat God met Abraham gesluit het. En as Moses nie bereid is om die eise van die verbond en die wet van God te gehoorsaam nie, hoe kan hy die volk gaan oproep om aan God gehoorsaam te wees?

Waarom het Moses dié kind nie besny nie? Waarskynlik omdat sy vrou, Sippora, dit nie wou toelaat nie. Sy was 'n Midianiet vir wie die besnydenis 'n nuttelose handeling was wat haar kind net pyn aandoen. Toe Gersom besny is het sy dit maar toegelaat omdat Moses so beslis was. Maar toe Eliëser besny moes word, het sy waarskynlik so te kere gegaan dat Moses daarvan afgesien het. En dis weens hierdie ongehoorsaamheid van Moses dat die Here hom wou doodmaak. Eers toe Sippora haar seun met 'n klipmes besny het, het die Here Moses se lewe gespaar.

Ongehoorsaamheid aan die eise van die verbond en die wet van God is baie gevaarlik. Dit maak jou ongeskik vir die diens van die Here! Onthou: die bloed van die besnydenis wys na die bloed van die Lam wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh. 1:29). Breek met u ongehoorsaamheid. Bely u skuld voor die Here. En stry - deur die krag van die Heilige Gees - teen enige vorm van ongehoorsaamheid!

Sing Psalm 50:8 en 10

Dr. C J. Malan (Emeritus)